


Deur President Thomas S. Monson

# Seëninge van die Tempel

*Soos wat ons die tempel bywoon, kan daar 'n dimensie van geestelikheid en 'n gevoel van vrede oor ons kom.*

My geliefde broers en susters, hoe dankbaar is ek om op hierdie pragtige Paas oggend, saam met julle te wees, wanneer ons gedagtes na die Verlosser van die wêreld gedraai is. Ek verleen my liefde en groete aan elkeen van julle en bid dat ons Hemelse Vader my woorde sal inspireer.

Hierdie konferensie merk sewe jaar, sedert ek as President van die Kerk ondersteun is. Hulle was baie besige jare, gevul met nie net 'n paar uitdagings nie, maar ook met ontelbare seëninge. Tussen hierdie, is die mees aangenaamste en heilige van hierdie seëninge, die geleentheid om nuwe tempels toe te wy en hernude tempels, weer toe te wy.

Onlangs, hierdie afgelope November, was dit my voorreg om die pragtige nuwe Phoenix, Arizona Tempel, toe te wy. President Dieter F. Uchtdorf, Ouderling Dallin H. Oaks, Ouderling Richard J. Maynes, Ouderling Lynn G. Robbins, en Ouderling Kent F. Richards, het my vergesel. Die aand voor die toewyding, het ons 'n wonderlike kulturele feesviering bygewoon, waar meer as 4,000 van ons jeug van die tempel distrik, deelgeneem het. Die volgende dag is die tempel in drie heilige en inspirerende sessies toegewy.

Die bou van tempels, is 'n duidelike aanduiding van die groei van die Kerk. Ons het huidiglik 144 tempels in werking, wêreldwyd, met 5 wat besig is om hernu te word, en nog 13 wat onder konstruksie is. Verder is daar nog 13 tempels wat voorheen aangekondig is, wat in verskeie stadiums van beplanning is, voor konstruksie kan begin. Hierdie jaar beplan ons om nog 2 hernude tempels toe te wy en 5 nuwe tempels toe te wy wat later vanjaar voltooi sal word.

Ons het die afgelope twee jaar die aankondiging van planne vir addisionele tempels weerhou, om te konsentreer op die voltooiing van tempels, wat reeds aangekondig is. Vanoggend, is ek baie bly om aan te kondig dat drie nuwe tempels in die volgende areas gebou gaan word: Abidjan, Ivoorkus; Port-au-Prince, Haiti; en Bangkok, Thailand. Watter wonderlike seëninge lê voor vir ons getroue lede in hierdie areas, inderdaad, dwarsdeur die wêreld, waar tempels gevind word.

Die proses om te bepaal waar nuwe tempels nodig is en om land vir additionele tempels te bekom is voortdurend, omdat ons graag wil hê dat soveel as moontlik van ons lede, die geleentheid mag hê om die tempel by te woon, sonder te groot opoffering van tyd of onkoste. Soos ons in die verlede gedoen het, sal ons julle op hoogte hou van besluite wat in verband hiermee gemaak word.

Soos wat ek aan tempels dink, loop my gedagtes na al die seëninge wat ons daar ontvang. Soos ons deur die deure van die tempel gaan, laat ons die verbysteringe en verwarringe van die wêreld agter. Binne hierdie heilige heenkomme, vind ons skoonheid en orde. Daar is rus vir ons siel en 'n breuk van die bekommernisse van ons lewens.

Soos ons die tempel besoek, kan daar aan ons 'n dimensie van geestelikheid en 'n gevoel van vrede kom, wat enige ander gevoelens van die mense hart kan oorbrug. Ons sal die ware betekenis van die Verlosser se woorde verstaan, waar Hy sê: "Vrede laat ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle. . . . Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie."[1]

Sulke vrede kan enige hart deurdring—harte wat bedroef is, of harte wat swaar dra aan die las van berou, of harte wat verward voel, of harte wat pleit om hulp.

Ek het onlangs eerstehands geleer van 'n jong man wat die tempel

bygewoon het, met 'n hart wat om hulp gepleit het. Hy het 'n paar maande vroer, sy sending roeping ontvang om in Suid Amerika te dien. Maar sy visa was so lank opgehou, dat hy na 'n area in die Verenigte State gestuur is. Alhoewel hy teleurgesteld was dat hy nie in die oorspronklike area kon dien nie, het hy nietemin hard gewerk in sy nuwe opdrag, vasbeslote om tot die beste van sy vermoë te dien. Hy het mismoedig geword, as gevolg van ondervindinge wat hy met ander sendelinge gehad het, wat vir hom gelyk het of hulle meer belang stel om hulself te geniet as om die evangelie te deel.

'n Paar maande later het hierdie jong man 'n baie ernstige siekte opgedoen wat hom gedeeltelik verlam gelaat het, en hy is om mediese redes huis toe gestuur.

'n Paar maande later het hy volkome herstel en sy lamheid het weggegaan. Hy is ingelig dat hy sy sending sou kon voltooi, 'n seëning waarvoor hy daagliks gebid het. Die enigste teleurstelling was die nuus dat hy weer na dieselfde sending area toe sou terugkeer, waar hy gevoel het dat die houding en gedrag van sekere van die sendelinge nie was wat hy geglo het dit moes wees nie.

Hy het na die tempel gekom om vertroosting en 'n bevestiging te ontvang dat hy wel 'n goeie ondervinding as 'n sendeling kan hê. Sy ouers het ook gebid dat hierdie tempel besoek, die hulp sou bied wat hulle seun nodig gehad het.

Soos die jong man die selestiale kamer binne gegaan het, het hy op 'n stoel gaan sit en begin bid vir leiding van sy Hemelse Vader af.

Kort daarna het nog 'n jong man die selestiale kamer ingegaan, sy naam was Landon. Soos hy die kamer ingeloop het, het die jong man op die stoel sy aandag getrek, met sy oë toe, was hy duidelik besig om te bid. Landon het 'n onmiskenbare indruk ontvang, dat hy met die jong man moet gaan praat. Huiwerig om hom te onderbreuk, het hy besluit om te wag. Na 'n paar minute, was die jong man steeds besig om te bid. Landon het geweet dat hy nie die indruk langer kon uitstel nie. Hy het die jong man genader en hom saggies aan die skouer geraak. Die jong man het sy oë oopgemaak, verbaas dat hy onderbreuk is. Landon het geantwoord, "Ek het die indruk ontvang dat ek met jou moet praat, alhoewel ek nie weet hoekom nie."

Soos hulle begin praat het, het die jong man sy hart aan Landon uitgestort, en sy omstandighede verduidelik, hy het afgeëindig met sy begeerte om vertroosting en aanmoediging, in verband met sy sending, te ontvang. Landon, wie net 'n jaar tevore van 'n suksesvolle sending af terug gekeer het, het van sy eie sending ondervindinge gedeel en die uitdaagings en bekommernisse gedeel wat hy ondervind het, en hoe hy na die Here gedraai het vir hulp en die seëninge wat hy ontvang het. Sy woorde het vertroosting en versekering gebring en sy entusiasme vir sy sending was aansteeklik. Soos die jong man se vrese weggeval het, het 'n gevoel van vrede oor hom gekom. Hy het diepe dankbaarheid gevoel, soos hy besef het dat sy gebede beantwoord is.

Die twee jong manne het saam gebid, en Landon het toe voorberei om te gaan, gelukkig in die wete dat hy na die aanmaning geluister het wat hy ontvang het. Soos hy oppad uit was, het die jong man vir Landon gevra, "Waar het jy jou sending gedien?" Tot op hierdie punt het nie een van hulle die naam van die area genoem, waar hulle hul sending gedien het nie. Toe Landon die naam van sy area noem, het trane in die jong man se oë verskyn. Landon het in die presiese sending area gedien, waarheen die jong man sou terug gaan!

In 'n onlangse brief aan my, het Landon die jong man se afskeids woorde aan hom gedeel: "Ek het geloof gehad dat Hemelse Vader my sou seën, maar ek het nooit gedink dat Hy aan my iemand sou stuur om my te help, wie in dieselfde sending area as ek gedien het nie. Ek weet nou, dat alles wel sal wees."[2] Die nederige gebed van 'n opregte hart, is gehoor en beantwoord.

My broers en susters, in ons lewens, sal ons beproewinge hê; ons sal uitdaagings en probleme hê. Soos ons na die tempel gaan, en die verbonde onthou wat ons daar gemaak het, sal ons beter instaat wees om daardie uitdaagings te oorkom en ons beproewinge te verduur. In die tempel kan ons vrede vind.

Die seëninge van die tempel is onskatbaar. Een waarvoor ek elke dag van my lewe dankbaar is, is die een wat ek en my geliefde vrou Frances ontvang het, toe ons voor daardie heilige altaar gekniel het en die verbond gemaak het wat ons vir alle ewigheid saam verbind het. Daar is geen seëning meer kosbaar vir my, as die vrede en vertroosting wat ek ontvang, vanwee die kennis wat ek het, dat ek en sy weer saam sal wees.

Mag ons Hemelse Vader ons seën om die gees van tempel aanbidding te ontvang, dat ons gehoorsaam sal wees aan Sy gebooie en dat ons versigtig in die voetspore van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus, mag volg. Ek getuig dat Hy ons Verlosser is. Hy is die Seun van God. Dit is Hy wie uit die grafkelder gekom het op daardie eerste Paas oggend, wie saam met Hom die gawe van die ewige lewe vir al God se kinders, gebring het. Op hierdie pragtige dag, wat ons daardie geskiedkundige gebeurtenis herdenk, mag ons gebede van dankbaarheid opoffer, vir Sy groot en wonderbaarlike gawes aan ons. Dat dit so mag wees, bid ek in alle nederigheid en in Sy heilige naam, amen.

**NOTAS**


1. Johannes 14:27.
2. Briewe in besit van Thomas S. Monson.

# Leerstellings van Ons Tyd

Vanaf Mei 2015 tot Oktober 2015, moet die Melgisédekse Priesterskap en Verligtings Vereeniging lesse op 'n vierde Sondag voorberei word uit een van die praatjies wat gegee is in die April 2015 algemene konferensie. In Oktober kan praatjies uit die April 2015 of Oktober 2015 algemene konferensie gekies word. Ring en distrik presidente behoort die praatjies te kies wat in hulle areas gebruik sal word, of hulle kan die verantwoordelikheid aan die biskoppe en tak presidente oordra.

Die praatjies is in baie tale beskikbaar by conference.lds.org.

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14. Vertaling van *First Presidency Message, May 2015*. Afrikaans. 12585 501



**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidentskap

# Die Gawe van Genade

*Vandag en vir ewig, is God se genade aan elkeen beskikbaar, wie se hart gebroke is en wie se gees verslae is.*

Op Paas Sondag vier ons die mees lank-verwagte en glorieryke gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld.

Dit is die dag wat alles verander het.

Op daardie dag het my lewe verander.

Jou lewe het verander.

Die bestemming van al God se kinders het verander.

Op daardie geseënde dag, het die Verlosser van die hele mensdom, op Homself die kettings geneem, van sonde en die dood, wat ons gevange gehou het, en ons bevry.

Vanweë die opoffering van ons geliefde Verlosser, het die dood sy angel verloor, die graf het geen oorwinning nie,[1] Satan het geen blywende krag nie, en ons word weer "gebore . . . tot 'n lewende hoop deur die *opstanding* van Jesus Christus."[2]

Die Apostel Paulus was waarlik korrek toe hy gesê het, "vertroos mekaar met hierdie woorde."[3]

## God se Genade

Ons praat dikwels van die Verlosser se Versoening—en dit is goed!

Maar laat ons Jakob se woorde ten harte neem, "Want hoekom nie praat oor die versoening van Christus nie, en 'n volmaakte kennis van Hom verkry nie?"[4] Maar soos "ons van Christus praat, . . . verbly ons in Christus, . . . preek [ons] van Christus, [en] profiteer [ons] van Christus"[5] om elke geleentheid, moet ons nooit ons sin van wonder en dankbaarheid vir die ewige offerande van die Seun van God verloor nie.

Die Verlosser se Versoening mag nooit algemeen word, in ons leëringe, of in ons gesprekke of in ons harte nie. Dit is heerlik en heilig, dit is as gevolg van hierdie "groot en laaste offerande" dat Jesus die Christus "saligheid aan al diegene gebring het, wie in Sy naam geglo het."[6]

Ek verwonder my daaraan dat die Seun van God, sou neerdaal om ons te red, met al ons onvolmaakthede, onsuiwerhede, foute en ondankbaarheid. Ek het probeer om die Verlosser se Versoening met my menslike verstand te verstaan, en die enigste verduideliking wat ek kan vind, is dit: God het ons so diep, volkome en ewiglik lief. Ek kan nie eers begin om "die breedte en lengte en diepte en hoogte . . . van die liefde van Christus" te bepaal nie.[7]

'n Kragtige uitdrukking van daardie liefde, is wat dikwels in die geskrifte verwys word as die *genade van God*—die goddelike bystand en begiftiging van krag, waardeur ons kan groei van 'n gebrekkige en beperkte wese wat ons nou is, tot 'n verheerlikte wese van "waarheid en lig, totdat [ons] in glorie en opregtheid kan staan en alle dinge mag weet."[8]

Hierdie genade van God, is 'n mees wonderbaarlike ding. Tog, is dit dikwels misverstaan.[9] Nieteenstaande, moet ons steeds 'n kennis van die genade van God ontvang, indien ons dit wil erf, wat vir ons in Sy ewige koninkryk voorberei is.

Om daardie rede wil ek graag, met julle oor genade praat. Spesifiek, eerstens, oor hoe genade *die hekke van die hemel oopsluit* en, tweedens, hoe dit *die vensters van die hemel oopmaak*.

### Eerste: Genade Sluit die Hekke van die Hemel Oop

Omdat ons almal "gesondig het en kort kom van die heerlikheid van God"[10] en omdat "daar geen onrein ding in die koninkryk van God [mag] binnegaan nie,"[11] is elkeen van ons, onwaardig om na die teenwoordigheid van God terug te keer.

Selfs al dien ons God met ons hele siel, is dit nie genoeg nie, want ons sou nogsteeds "onverdienstelike diensknegte" wees.[12] Ons kan nie ons weg in die hemel in verdien nie; die vereistes van geregtigheid staan as 'n beperking voor ons, en ons is magteloos om dit op ons eie te oorkom.

Maar alles is nie verlore nie.

Die genade van God is ons groot en ewige hoop.

Deur die opoffering van Jesus Christus, bevredig die plan van genade die vereistes van geregtigheid[13] en sodoende "bring [dit] die middel aan mense waardeur hulle geloof mag hê tot bekering."[14]

Ons sondes, al mag hulle so rooi soos skarlaken wees, kan weer so wit soos sneeu word.[15] Omdat ons geliefde Verlosser "homself as 'n losprys vir almal gegee het,"[16] is toelating tot Sy ewige koninkryk nou aan ons beskikbaar.[17]

Die hek is oopgesluit!

Maar die genade van God herstel ons nie net tot ons vorige onskuldige toestand nie. Indien saligheid net 'n uitwissing van foute en sondes was, —so wonderlik as wat dit is— sou dit nie voldoen het aan die Vader se vereistes en begeertes vir ons nie. Sy doel is baie hoër: Hy wil hê dat Sy seuns en dogters soos Hy moet word.

Met die gawe van God se genade, lei die pad van dissipelskap nie agteruit nie; maar dit lei opwaards.

Dit lei na hoogtes wat ons skaars kan begryp! Dit lei na verheerliking in die selestiale koninkryk van ons Hemelse Vader, waar ons, saam met ons geliefdes, van "Sy volheid en Sy glorie" mag ontvang.[18] Alle dinge is ons sin en ons is Christus sin.[19] Inderdaad, alles wat die Vader het, sal aan ons gegee word.[20]

Om hierdie glorie te erf, het ons meer as net 'n oopgesluite hek nodig; ons moet deur hierdie hek ingaan, met 'n hartsbegeerte om verander te word—'n verandering so dramaties, dat die geskrifte dit beskryf as om "weer gebore te word; ja gebore uit God, verander van hul vleeslike vervalle toestand, tot 'n toestand van regverdigheid, omdat hulle verlos is deur God en Sy seuns en dogters geword het."[21]

#### *Tweede: Genade Maak die Vensters van die Hemel Oop*

Nog 'n element van God se genade, is die oopmaak van die vensters van die hemel, waardeur God die seëninge van krag en sterkte uitstort, wat ons in staat stel om dinge te bereik, wat andersins buite ons bereik sou wees. Dit is deur God se verstommende genade, dat Sy kinders die ruk-getye en dryfsand van die bedrieër, kan oorkom, bo sonde kan uitrys en "in Christus volmaak kan word."[22]

Alhoewel ons almal swakhede het, kan ons hulle wel oorkom. Dit is inderdaad, deur die genade van God, wat swakhede, sterktes kan word, indien ons in nederigheid en met geloof vra.[23]

Deur ons hele lewens, ontvang ons, deur God se genade, aardse seëninge en geestelike gawes wat ons vermoeëns vergroot en ons lewens verryk. Sy genade verfyn ons. Sy genade help ons, om ons beste self te word.

#### Wie Kan Hiervoor Kwalifiseer?

In die Bybel lees ons van Christus se besoek, aan die huis van Simon die Fariseër.

Uitwaarts, het dit geblyk dat Simon 'n goeie en opregte man was. Hy het gereeld sy te-doen lysie van godsdienstige verpligtinge afgemerk: hy het die wet gehou, sy tiende betaal, die Sabat dag heilig gehou, daagliks gebid, en na die sinagoge gegaan.

Maar terwyl Jesus by Simon was, het 'n vrou hom genader, en die Verlosser se voete met haar trane begin was en Sy voete met kosbare olie gesalf.

Simon was baie ongelukkig oor hierdie vorm van aanbidding, omdat hy geweet het dat hierdie vrou 'n sondaar was. Simon het gevoel dat indien Jesus dit nie geweet het nie, kan Hy dan nie 'n profeet wees nie, want anders sou hy nie toegelaat het dat die vrou Hom aanraak nie.

Jesus het Simon se gedagtes geken en na hom gedraai en 'n vraag gevra. "'n Sekere geldskieter het twee skuldenaars gehad: . . . die een het vyfhonderd pennings geskuld en die ander een a vyftig.

"en omdat hulle niks gehad het om te betaal nie, het hy hulle onmiddelik vergewe. Sê nou, wie van hulle sal hom die meeste lief hê?"

Simon het geantwoord, dat dit die een is wie die meeste skuld gehad het.

Toe het Jesus 'n waardevolle les geleer: "Sien jy hierdie vrou? . . . Haar sondes wat baie is, is vergewe, *want sy het baie lief gehad:* maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief."[24]

Met watter van hierdie twee mense het ons die meeste in gemeen?

Is ons soos Simon? Voel ons gemaklik en verseker in ons goeie dade, vertrou ons in ons eie geregtigheid? Is ons dalk 'n bietjie ongeduldig met diegene wie nie volgens ons standaarde leef nie? Gaan ons bloot net deur die mosies, woon vergaderings by, gaap deur die Evangeliese Leer klas, en kyk deur ons selfoon gedurende die nagmaal diens?

Of is ons soos hierdie vrou, wie geglo het dat sy heeltemal en hopeloos verlore was, vanweë haar sonde?

Het ons *baie liefde* ?

Verstaan ons hoe verskuldig ons aan ons Hemelse Vader is, en pleit ons met ons hele siel vir die genade van God.

Wanneer ons kniel om te bid, is dit om ons grootste treffers van ons eie geregtigheid oor en oor te herleef, of is dit om ons foute te verklaar en om vir God se genade te pleit, en dalk trane van dankbaarheid te stort vir die wonderbaarlike plan van verlossing?[25]

Saligheid kan nie gekoop word met die geldstelsel van gehoorsaamheid nie; dit word betaal deur die bloed van die Seun van God.[26] Om te dink dat ons, ons goeie werke vir saligheid kan verruil, is soos om 'n vliegtuig kaartjie te koop, en dan te dink ons besit nou die hele lugdiens. Of om te dink dat na ons ons huur betaal het, ons nou die koopbrief van die hele planeet besit.

#### Hoekom dan Gehoorsaam Wees?

Indien genade 'n gawe van God is, hoekom is gehoorsaamheid aan die gebooie van God, dan steeds so belangrik? Hoekom probeer ons dan om God se gebooie te onderhou, of selfs te bekeer? Hoekom erken ons nie net dat ons sondig is nie, en laat God dan toe om ons te red nie?

Of, om die vraag in Paulus se woorde te stel, "Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?" Paulus se antwoord is eenvoudig en duidelik: "God verbied."[27]

Broers en susters, ons is gehoorsaam aan die gebooie van God—vanweë ons liefde vir Hom!

Om God se gawe van genade met ons hele hart en verstand te probeer verstaan, sal ons net meer redes gee om Hemelse Vader lief te hê en met ootmoedigheid en dankbaarheid te gehoorsaam. Soos ons die pad van dissipelskap loop, sal dit ons verfyn en verbeter, ons help om meer soos Hy te word en ons na Sy teenwoordigheid terug lei. "Die Gees van die Here [ons God]" bring so "'n geweldige verandering in ons, . . . —dat ons nie meer die neiging het om kwaad te doen nie, maar om voortdurend goed te doen."[28]

Daarom,is ons gehoorsaamheid aan God se gebooie, 'n natuurlike uitvloeisel van ons eindelose liefde en dankbaarheid vir die goedheid van God. Hierdie form van opregte liefde en dankbaarheid, sal op 'n wonderbaarlike wyse ons goeie werke met die genade van God saamsmelt. Deugsaamheid sal ons gedagtes voortdurend versier, en dan sal ons vertroue toeneem voor die aangesig van God.[29]

Liewe broers en susters, om die evangelie gelowig uit te leef, is nie 'n las nie. Dit is 'n vreugtevolle voorbereiding, vir die erfenis van die glorieryke ewigheid, wat ons mag ontvang. Ons probeer om gehoorsaam te wees aan ons Hemelse Vader, sodat ons gees meer gewoont kan raak aan geestelike dinge. Uitsigte word aan ons geopen wat ons nie eens geweet het bestaan nie. Helderheid en insig kom na ons, wanneer ons die wil van die Vader doen.[30]

Genade is 'n gawe van God, en ons begeerte om gehoorsaam te wees aan elkeen van God se gebooie, is die uitreik van ons vleeslike hand, om hierdie heilige gawe van ons Hemelse Vader te ontvang.

**Alles Wat Ons Kan Doen**

Die profeet Nefi het 'n belangrike bydrae gemaak tot ons verstandhouding van die genade van God, toe hy verklaar het, "Want ons arbei getrou . . . om ons kinders te oorreed, en ook ons broers, om te glo in Christus, en om met God versoen te word; want ons weet dat dit deur *genade is dat ons gered word, na alles wat ons kan doen*."[31]

Tog, wonder ek of ons nie die frase "na alles wat ons kan doen" soms misverstaan nie? Ons moet verstaan dat "na" nie dieselfde is as "vanweë" nie.

Ons word nie gered "vanweë" alles wat ons gedoen het nie. Het enige van ons werklik *alles* gedoen, wat ons kan doen? Wag God totdat ons elke moontlike bydrae gemaak het, voor Hy in ons lewens sal ingryp, met Sy reddende genade?

Baie mense voel mismoedig, omdat hulle altyd kort kom. Hulle het eerstehandse kennis dat "die gees inderdaad gewillig is, maar dat die vlees swak is."[32] Hulle lig hulle stemme saam met Nefi, in sy verklaring, "My siel treur vanweë my goddeloosheid."[33]

Ek is seker dat Nefi geweet het dat die Verlosser se genade ons *toelaat* en *instaat stel* om ons sondes te oorkom.[34] Dit is hoekom Nefi so getrou gewerk het, om sy kinders en sy broers te oorreed om "in Christus te glo en tot God versoen te word."[35]

En *dit is* dus, wat ons kan doen! En *dit is* ons plig!

**Genade Is Beskikbaar Aan Almal**

Wanneer ek dink aan dit wat die Verlosser vir ons gedoen het, vanaf daardie eerste Paas Sondag, will ek my stem ophef en die Allerhoogste God en Sy Seun, Jesus Christus, prys!

Die hekke van die hemel is oopgesluit!

Die vensters van die hemel is geopen!

Vandag en vir ewig, is God se genade aan almal beskikbaar, met 'n gebroke hart en 'n verslae gees.[36] Jesus Christus het die weg oopgemaak vir ons om, tot hoogtes opgelig te word wat ons vleeslike verstand nie eens kan begryp nie.[37]

Ek bid dat ons met 'n nuwe hart en nuwe oë, die ewige gevolge van die Verlosser se versoenende offerande kan sien. Ek bid dat ons, ons liefde vir God en ons dankbaarheid vir die gawe van God se oneindigende genade, sal wys, deur Sy gebooie te onderhou en met vreugde "in 'n nuwe lewe te wandel."[38] In die heilige naam van ons Meester en Verlosser, Jesus Christus, amen.

**NOTAS**

1. Sien 1 Korinthiërs 15:55; Mosia 16:8.
2. 1 Petrus 1:3; klem geplaas.
3. 1 Thessalonicénse 4:18; sien ook verse 13–17.
4. Jakob 4:12
5. 2 Nefi 25:26.
6. Alma 34:10, 15.
7. Efesiërs 3:18–19.
8. Leer en Verbonde 93:28.
9. Waarlik ons is soos "klein kindertjies en . . . verstaan nog nie hoe groot die seëninge is wat die Vader in sy eie hande het en vir julle berei het nie" (Leer en Verbonde 78:17).
10. Romeine 3:23.
11. 1 Nefi 15:34; sien ook 1 Nefi 10:21; Moses 6:57.
12. Mosia 2:21
13. Sien Alma 42:15.
14. Alma 34:15.
15. Sien Jesaja 1:18.
16. 1 Timotheüs 2:6.
17. Sien 2 Petrus 1:11.
18. Leer en Verbonde 76:56.
19. Sien Leer en Verbonde 76:59.
20. Sien Leer en Verbonde 84:38.
21. Mosia 27:25.
22. Moroni 10:32.
23. Sien Et-her 12:27.
24. Sien Lukas 7:36–50; klem geplaas.
25. Christus se gelykenis van die Fariseër en die belasting gaarder, illustreer hierdie punt baie duidelik (sien Lukas 18:9–14).
26. Sien Handelinge 20:28.
27. Romeine 6:1–2.
28. Mosia 5:2.
29. Sien Leer en Verbonde 121:45.
30. Sien Johannes 7:17.
31. 2 Nefi 25:23; klem geplaas.
32. Mattheüs 26:41; sien ook Romeine 7:19.
33. 2 Nefi 4:17.
34. Sien 2 Nefi 4:19–35; Alma 34:31.
35. 2 Nefi 25:23.
36. Sien 3 Nefi 9:19–20.
37. Sien 1 Korinthiërs 2:9.
38. Romeine 6:4.

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14. Vertaling van *Visiting Teaching Message, May 2015.* Afrikaans. 12585 501